

# 8

## **BELANGRIKE FIGURE VAN DIE KERKHERVORMING**

### *Die Kerkhervorming (vervolg)*

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet wie die belangrikste persone was tydens die Kerkhervorming en wat hulle gedoen het.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet dat –

- die Kerkhervormers besef het dat die Woord van God vir die mense in die Roomse Kerk verlore geraak het;
- alles in Latyn gelees is;
- die gemeente nie eens meer gesing het nie;
- al hierdie funksies deur kore en kantorye oorgeneem is;
- belangrike beginselsake soms radikale optrede vra; en
- die Bybel ons alles leer wat ons moet weet oor God.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet bereid wees om die Bybel sentraal in hulle lewens te laat staan.

##### **Vaardigheid**

Die kinders gaan onder leiding van hulle kategeet aanmeld by die diakonie of 'n diensgroep, en as uitlewing van hulle amp as gelowiges vra waar hulle op 'n deurlopende basis diens kan lewer in die gemeente.

#### **MEER INLIGTING**

##### **Martin Luther (1483-1546)**

Martin Luther is op 10 November 1483 in Eisleben, Duitsland, gebore. Hy het grootgeword in 'n ouerhuis wat gekenmerk is deur 'n diepe geloof en waardige armoede. Luther het in 1501 as 'n regsgeleerde begin studeer aan die Universiteit van Erfurt. In 1505 oorval 'n geweldige storm

hom op sy pad terug van sy ouerhuis na Erfurt, en hy is byna deur weerlig getref. Daar het hy 'n gelofte aan die Here gemaak dat hy na 'n klooster sal gaan om 'n lewe van toewyding aan Hom te leef. Alhoewel sy ouers heftig teen sy besluit gekant was, kom hy nogtans sy belofte na en sluit hy aan by die Augustynse monnike-orde in Erfurt.

Diep onder die indruk van sy sonde, worstel Luther in die klooster met die vraag: **Hoe vind ek 'n genadige God?** Hy het gehoop dat hy in die klooster saligheid vir sy siel en vrede vir sy gemoed sou vind. Maar hy het net al hoe verder van God af gevoel, en hy was bang dat die Here hom sou straf. In sy stryd probeer hy al die moontlikhede ondersoek wat die Rooms-Katolieke Kerk vir mense gebied het: die streng weg van sondebelydenis, toewyding en gebed; die intellektuele weg van die rede; die praktiese weg van goeie werke. Maar hy kon nie daarin 'n antwoord vind nie.

As monnik studeer Luther teologie en word spoedig aangestel as professor aan die Universiteit van Wittenberg, met die opdrag om vir die studente lesings aan te bied in die uitleg van die Bybel. Hier ontdek hy dat die evangelie God se Goeie Boodskap aan sondaarmense is. Hy kom tot die ontdekking in Romeine 1: 16-17 en 3: 28 dat alleen die geloof in Jesus Christus jou kan red, nie goeie dade of 'n vrome leefstyl nie! Skielik is die Bybel nie net maar 'n wetboek wat oordeel aankondig nie, maar in die eerste plek Goeie Nuus, Blye Boodskap, Evangelie. Hy ontdek ook dat geloof nie 'n menslike prestasie is nie, maar 'n genadegawe van God. Hierdie ontdekking uit die Skrifwoord sou Luther se lewe in 'n nuwe rigting stuur – 'n rigting wat die wêreldgeskiedenis sou verander.

In hierdie tyd kom Luther toenemend in botsing met die valse leerstellings en praktyke van die Roomse Kerk. Terwyl hy ook as pastor van elf verskillende monnike- en nonnekloosters dien, kom hy daar agter dat die aflaatstelsel 'n negatiewe invloed het op die geestelike lewe van mense. Die aflaatstelsel het behels dat 'n lidmaat sy sondeskuld kon afkoop deur middel van 'n geldboete. Daar was nie meer sprake van ware berou oor sonde nie. Dit het mense 'n valse gerusstelling gegee dat sonde weggekoop kon word.

Die praktyke van die Roomse Kerk het Luther teen die bors gestuit, en op 31 Oktober 1517 slaan hy 95 stellings teen die kerk deur van Wittenberg vas waardeur hy die verkeerdhede in die Roomse Kerk uitwys. Hiermee wou hy 'n debat uitlok onder geleerdes en lidmate sodat die wanpraktyke bespreek kon word en hulle moes besef dat dit nie met die Bybel ooreenstem nie. Die Roomse Kerk was hoogs ontevrede, en Luther moes sy uitsprake terugtrek. Luther weier, en in sy verdediging maak hy een van die belangrikste beginsels van die Reformasie bekend: Hy sal alleen sy uitsprake terugtrek as hulle vir hom uit die Bybel kan bewys dat hy verkeerd is. In 1520 publiseer Luther drie geskrifte waarin hy aantoon dat die Roomse Kerk in sy leer en lewe op talle punte van die Woord van God afwyk. In dieselfde jaar veroordeel die pous Luther as 'n ketter, en hy word uit die kerk verban.

In 1522 neem vriende hom na die kasteel in Wartburg waar hy 'n tyd lank in afsondering en eensaamheid skuil. Hy gebruik hierdie geleentheid om die Nuwe Testament in Duits te vertaal. Voorheen is die Bybel net in Latyn gelees in die eredienste – 'n taal wat die lidmate nie verstaan het nie. Die Bybel is nou in die mense se spreektaal vertaal en hulle kon nou self die Bybel lees. In 1534 het hy die hele Bybel vanuit die grondtale in Duits vertaal, en verskyn die hele Bybel in Duits!

### **Ulrich Zwingli (1484-1531)**

Ongeveer dieselfde tyd dat Martin Luther met sy hervormingswerk in Duitsland begin het, het Ulrich Zwingli, 'n hervormer van die kerk in Duitssprekende Switserland, na vore gekom.

In 1518 word Zwingli priester van die stad Zürich. Die verkoop van aflate in 1518 én 'n pes-epidemie in 1519 waar hy troos moes bring, laat Zwingli die oppervlakkige Roomse godsdiens verwerp. Hy doen al hoe meer Woordverkondiging en eis dat die kerk hervorm moet word. Hy verwyder alle kerklike gebruike wat nie volgens die Bybel is nie, uit die kerk. Zwingli oortuig die stadsvaders dat die Roomse Kerk dwaal, en in 1523 verwerp die stadsowerheid van Zürich die Roomse gesag. So kry Zwingli die geleentheid om die kerk na Gods Woord te hervorm. Zwingli word ook die politieke leier van die hervormde Switserland. In 'n veldslag teen die Roomse Switserland op 11 Oktober 1531, word die Hervormers verslaan en sneuvel Zwingli wat as veldprediker teenwoordig was.

Johan Heinrich Bullinger (1504-1575) volg hom op en het baie gedoen om die hervorming in Switserland te stimuleer. Hy het hartlik saam met Calvyn gewerk. Sy invloed het baie ver gestrek en sy preke was ook in Nederland gewild.

### **Johannes Calvyn (1509-1564)**

Vanweë sy groot begaafdheid, enorme teologiese kennis en geloof, word Calvyn die leier van die Hervorming in Frankryk. Sy invloed werk ook deur na Skotland, Nederland en Engeland. Calvyn slaag ook daarin om aan die Hervormde Kerk 'n vaste en blywende struktuur te gee. Die ampte en die vergaderings van die ampte speel 'n belangrike rol. Vir Calvyn is en bly die kerk 'n gemeenskap van gelowiges wat God in gees en in waarheid moet dien en sy Woord moet verkondig en uitleef.

### **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.

### **KOM ONS BEGIN**

Soek 'n gepaste gebed in die Liedboek en gebruik dit om voor te gaan in gebed.

### **HET HULLE ONTHOU?**

- Laat die kinders vertel wat hulle as gesin besluit het oor die waarde wat die Bybel vir hulle as gesin het.
- Laat elkeen gaan neerskryf wat sy of haar gunsteling Bybelvers is, en dan vertel waarom dit so is.
- Laat enkele hulle sinnetjies voorlees oor waarom die kerk voortdurend moet hervorm.
- Laat hulle as klas saam die woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis opsê.

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Daar was baie belangrike mense wat tydens die Kerkhervorming as leiers opgetree het. Dit moes nogal moed gekos het, want hulle het hulle lewens in gevaar gestel. Hulle was egter so oortuig van hulle saak, soos wat die Heilige Gees hulle oortuig het, dat hulle sonder om terug te deins die Hervorming deurgevoer het. Ons kyk na 'n paar van hulle en hulle bydraes tot die Hervorming.

### IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor en lê klem op die sake waaroor hieronder by IETS OM TE DOEN debat gevoer gaan word.

### IETS BELANGRIK

- Die Bybel is net in Latyn aan mense voorgelees, met die gevolg dat dienste vir die gemiddelde lidmaat totaal onverstaanbaar was.
- Die gemeente het voor die Hervorming in die Roomse Kerk nie eens meer gesing nie. Van die vernaamste Hervormers was Martin Luther, Ulrich Zwingli en Johannes Calvyn.
- Die Kerkhervormers het geleer –
  - dat die Woord van God vir die mense in die Roomse Kerk verlore geraak het;
  - dat die Bybel ons alles leer wat ons moet weet oor God;
  - dat 'n mens nie jou sondes kan afkoop met geld nie;
  - dat 'n mens net teenoor God jou sondes hoef te bely, en nie nodig het om voor mense te gaan bieë nie; en
  - dat 'n mens wel, wanneer jy iets verkeerd teenoor iemand gedoen het, dit gaan regstel met die persoon self.

### IETS OM TE DOEN

'n Debat word gevoer na aanleiding van die inligting wat vroeër in die les aangebied is.

Die kinders debatteer oor die volgende vrae:

- Is daar nie tog 'n voordeel daarin om in 'n klooster te gaan woon nie? Daar kan 'n mens mos jouself heeltemal aan God wy. Niks van die wêreld pla jou nie. Jy kan mediteer, bid en voel dat jy werklik op 'n geestelike reis is. *Nee, God stuur ons die wêreld in om vir Hom te gaan getuig en om diens aan ander te gaan lewer.*
- 'n Mens sal seker beter voel as jy iets in ruil vir jou sonde kan doen? Jy kan dalk meer betrokke by die kerk wees, of meer offergawe gee, dan sal dit vir jou voel of jy nie net ontvang nie, maar dat jy darem iets gee sodat God dit sal raaksien en dit in ag kan neem. Dan het jy klaar vergoed vir jou sonde wanneer jy in God se koninkryk kom. *Ons kan nooit vergoed vir ons miljoene sondes nie en die Bybel sê: "Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie."*
- Kan ons regtig ander kerke, soos die Rooms-Katolieke Kerk, kritiseer? Is geloof dan nie 'n privaating tussen jou en die Here nie? Jy kan mos vry voel om self te besluit hoe jou verhouding met die Here moet lyk, of hoe? *Nee, nie my denke of gevoel sê wat reg of verkeerd is nie, net die Bybel alleen. Ons is in ons hele wese besmet met sonde.*

- Die Bybel is die enigste bron van die waarheid. *Dit is waar. Die Hervormers het nog meer gesê: Hulle gesê: God alleen. Die Bybel alleen. Die geloof alleen. Dit is in teenstelling met die Roomse Kerk wat geleer het dat die pous die plaasvervanger van Jesus is en dat die pous se woord die lewende woord is.*

Laat die kinders Psalm 46 lees en die volgende vrae in hulle boeke beantwoord. Gee hulle 'n paar minute kans, en help hulle waar dit nodig is.

- Wat, dink jy, is die belangrike boodskap wat hierdie psalm ('n lied wat gesing is) wil oordra? *Die psalm wil oordra dat God 'n toevlug en 'n beskerming is.*
- Waarom, sê die psalmdigter, hoef ons nie bang te wees nie? *God was nog altyd bereid om te help in nood.*
- Noem vyf dinge (volgens verse 9 en 10) wat God gedoen het. *Hy het die aarde tot stand gebring; Hy laat oorloë op die aarde ophou; Hy verbreek pyle en boë; Hy slaan spiese stukkend; en Hy verbrand oorlogswaens met vuur.*
- Hoe, dink jy, sou hierdie psalm die Kerkhervormers gehelp het om deur te druk met die Hervorming? *Dit sou hulle gehelp het om God te vertrou. Hulle het die Bybel baie goed geken, en daarom sou hulle nie aan God se beloftes getwyfel het nie.*
- Noem die name van drie bekende Kerkhervormers. *Luther, Calvyn, Zwingli.*

## BY DIE HUIS

### DOEN

- Laat die kinders by die huis gaan Google oor *Luther, Calvyn* en *Zwingli* en by elkeen van die drie Kerkhervormers iets in hulle boeke skryf oor elkeen se lewe.
- Die kinders gaan *onder leiding van hulle kategeet* aanmeld by die diakonie of 'n diensgroep, en as uitlewing van hulle amp as gelowiges vra waar hulle op 'n deurlopende basis diens kan lewer in die gemeente.

### LEER

Laat die kinders Psalm 46: 2 in die Bybel memoriseer.

*God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood.*

### AFSLUITING

Lees of sing die woorde van Psalm 46: 1 in die Liedboek, en sluit daarna af met gebed.

*God is ons toevlug en ons skut,  
al gee die aarde onder mee,  
al word die berge rondgeskud,  
al skuim die waters van die see.  
Hy help ons in ons nood;  
al is dit ook hoe groot,  
tog sal ons veilig wees,  
tog bly ons onbevrees.  
God sal ons altyd trou beskut.*

**Belangrik:**

- Reël met een van die katkisanter om volgende week te open met gebed.
- Wys drie kinders aan om volgende week met die gesinsles vir die klas en hulle ouers voor te lees wat hulle oor *Luther*, *Calvyn* en *Zwingli* geskryf het.